
# Prediking as oop- en toesluit van die koninkryk van die hemele- 'n Besinning rondom die gerigtheid van Gereformeerde prediking in die konteks van die 21ste eeu met spesifieke verwysing na die 'indikatief – imperatief' problematiek



**Naam**: Slabbert Le Cornu
**Studnr.**: 12610356
**Kursus**: HOM 877
**Dosent**: prof. FW De Wet

# INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding ........................................................ 3

*Probleemstelling*

*Sentrale teoretiese argument*

*Hoofopskrifindeling*

*Metodologie*

2. Die terme *indikatief* en *imperatief* ........................................................ 4

3. 'n Bespreking van Carrick se bydrae oor die onderwerp ........................................................ 4

3.1 Oorsigtelik

3.2 Die tese van Carrick se boek

3.3 Heilshistoriese prediking

3.4 Verskillende Skrifgedeeltes

3.5 Die indikatief in heilshistoriese prediking

4. 'n Gevallestudie ........................................................ 8

5. Die indikatief is die oorsaak en grondslag van die imperatief ........................................................ 9

6. Reformatoriese prediking ........................................................ 10

7. 'n Eie mening ........................................................ 11

8. Slot ........................................................ 14

Bronnelys ........................................................ 15

## 1. Inleiding

Ons leef in 'n tyd waarin die prediking van God se Woord alhoemeer as onbelangrik beskou word. Baie kerke is besig om die woord met die beeld te vervang. Baie mense verwag dat predikers nie meer proklameerders moet wees nie, maar bloot kommunikators (Johnston, 2001: 9). Mense wil nie meer hoor "So sê die Here HERE" nie, of "Daar staan geskrywe" nie, maar eerder boodskappe wat hul gehoor streel en 'mensvriendelik' is (2 Tim.4:3). Aangesien ons in 'n postmoderne wêreld leef, verwag baie mense dat die kerk daarby moet aanpas, en nie antiteties teenoor 'n goddelose wêreld staan nie. Predikers moet daarom in 'onderhandeling' gaan met mense, en nie eenvoudig met gesag God se Woord proklameer nie.

Predikers kan egter maklik skuil agter die verskoning dat die wêreld besig is om hul te vervolg, en daardeur nie ook hand in eie boesem steek nie. Predikers moet egter altyd selfondersoek doen, en vra of hul prediking wel bybelgetrou is.

Een van die probleme om aan te spreek, is juis die vraag na hoe die *indikatief* en die *imperatief* aspek van die prediking die gerigtheid van die prediking in die 21ste eeu bepaal.

*Probleemstelling*

K. Dijk (1952: 5) skryf al reeds in die helfte van die vorige eeu oor die problematiek om "het gericht Gods in de prediking des Woords". Met verwysing na 2 Kor.5:1 is hy van mening dat die tema 'God is Rechter, schik u om Hem te ontmoeten' ontbreek in baie preke van sy tyd.

Hierdie student het in die afgelope jaar se prediking heelwat lidmate ontmoet, en het ook navraag gedoen oor hul belewing van die prediking in ons kerke. Die algemene antwoord wat ontvang is, kan as volg opgesom word:

> "Die preke vat nie grond nie. Daar word mooi uit die teks gewys wat die betekenis is, maar daar is weinig of geen toepassings vir ons omstandighede nie. Dit is asof die dominee's bang is om vraagstukke van ons tyd aan te spreek. Hulle bly maar 'vaag'. Dit klink baiemaal bloot soos lesings wat gegee word, maar nie ons lewens konkreet aanspreek nie."

Voor hierdie student lidmaat van die GKSA geword het, was hy in 'n kerkverband wat dieselfde probleme getoon het (sien die gevallestudie hieronder).

Ook in Amerika gaan daar al meer stemme op dat die Skrif nie meer toepaslik is vir vandag se postmoderne probleme nie. Die Skrif word nie gerig op die probleme van die dag nie, en is maar bloot 'troosboodskapies' vir die hiernamaals: vasbyt ... min dae !

Dit blyk vir hierdie student dat een van die grootste redes waarom ons prediking nie meer akkuraat gerig is tot ons mense en tye nie, juis die verkeerde verhouding is tussen die verklaring en toepassing van die Skrif, oftewel die indikatief en imperatief van die Heilige Skrif.

John Carrick (2002: 128)) stel die probleem as volg:

> Indeed, if the liberal church has been guilty of emphasizing the imperative at the expense of the indicative, the Reformed church has, to some extent, been guilty of emphasizing the indicative at the expense of the imperative. … There can be little doubt that, if the issue of application is the *Achilles' heel* of redemptive-historical preaching, the root of this deficiency is to be found in the failure of some within the redemptive-historical school to grasp fully *the biblical concept of example*.

Dit is hierdie probleem, naamlik die verhouding tussen die indikatief tot die imperatief, en hoe dit die gerigtheid van die prediking raak in die 21ste eeu, wat die onderwerp is van hierdie werkstuk.

*Sentrale teoretiese argument*

Indien ons die verhouding tussen die indikatief en imperatief reg verstaan en toepas in die prediking, sal dit die probleme van 'n tekort aan 'toepassing' in ons kerke oplos of ten minste teenwerk. Dit sal ook die prediking meer gerig maak op die 21ste eeu se konteks waarin die prediking plaasvind en toepaslik word vir die lidmaat in sy roeping en taak op elke lewensterrein.

*Hoofopskrifindeling*

Die hantering van die probleemstelling gaan in die volgende hoofstukke behandel word: die terme indikatief en imperatief; Carrick se bydrae; 'n gevallestudie; indikatief as grondslag van die imperatief; reformatoriese prediking; en 'n eie mening.

*Metodiek*
Eerstens gaan die terme indikatief en imperatief bespreek word. Tweedens gaan Carrick se bydrae oor die probleem bespreek word. Derdens word 'n gevallestudie bespreek. Vierdens word 'n eie mening en opsomming gegee.

## 2. Die terme *indikatief* en *imperatief*

Coetzee (van der Walt, 1985: 18) verklaar die term 'indikatief' as volg: "Die Indikatief van die Skrif (die Evangelie) spel al die dinge uit wat die Here (JAHWEH), ons God, reeds vir ons, oor ons en ten opsigte van sy ganse skepping gedoen het en geskenk het vir hierdie aardse lewe en vir die ewige lewe."

Verder verklaar Coetzee (van der Walt, 1985: 19) die term 'indikatief' as volg: "God het genadiglik gegee (Indikatief) NOU EIS HY (Imperatief) … Die Imperatief van die evangelie stel die eis vir die verlostes: 'n dankbaarheidslewe van heiligmaking in 'n veelkleurigheid van fasette; vir die ongelowiges: 'n daadwerklike bekering tot die lewende God."

Coetzee noem ook die belangrikheid van die derde 'fondamentsteen' in hierdie gebou, nl. die belofte. In hierdie werkstuk gaan daar egter net gefokus word op die eerste twee stene, en hul verhouding tot mekaar: indikatief – imperatief.

## 3. Carrick se bydrae

3.1 Oorsigtelik
In 'n boek wat in 2002 verskyn het: THE IMPERATIVE OF PREACHING: A THEOLOGY OF SACRED RHETORIC,[1] gee die skrywer, John Carrick (professor in Teologie, aan die *Greenville Presbyterian Theological Seminary*,[2] South Carolina, VSA) aandag aan die debat oor die heilshistoriese vorm van prediking [afkorting: HHP], wat hoofsaaklik in die 20ste eeu onder leiding van manne soos Schilder en Holwerda ontwikkel is. Histories het dit veral na vore gekom in die 1930's/40's debat aangaande die sake oor uitverkiesing en verbond, teenoor die sogenaamde eksemplaries-moralistiese prediking [afkorting: EMP] (Trimp, 1996). Volgens Carrick is die HHP wat hy in hierdie boeke bespreek,

a) nie 'n genoegsame preekmetode volgens die Skrif nie aangesien dit eensydig die 'indikatief' oorbeklemtoon teenoor die 'imperatief', en
b) is dit nie in lyn met geskiedenis van gereformeerde prediking nie, omdat dit 'n 'homiletical innovation' is wat in die gereformeerde kerke ingevoer is: 'Indeed, we believe that this more extreme wing of the redemptive-historical school has, in the name of *homiletical reformation*, introduced into the Reformed Churches a species of *homiletical revisionism*.' [p.144][3]

Die dilemma en problematiek van 'eksemplaries vs heilshistoriese' prediking is ook al in ons eie land aangespreek (Strydom, 1989). Volgens Carrick is dit juis heilshistoriese prediking wat lei tot 'n verkeerde verhouding tussen die indikatief en imperatief. As dit waar is, dan is dit ook moontlik 'n rede waarom baie prediking nie meer skerp gefokus en gerig is op die problematiek van ons tue nie.

*3.2 Die tese van Carrick se boek*
Carrick beskryf die doel en inhoud van sy boek as volg:

> The central thesis of this book is that the essential pattern or structure which God himself has utilized in the proclamation of New Testament Christianity is that of the *indicative-imperative*. In other words, God himself has, in the gospel of Christ, harnessed these two fundamental grammatical moods and invested them with theological and homiletical significance. God himself has, in his Word, also made use of two other grammatical or rhetorical categories, namely, the *exclamative* and the *interrogative*. Clearly the scope of a *sacred rhetoric* is potentially much wider than that of these four categories; nevertheless, there is something quite foundational about them. Thus in this theology of the rhetoric of preaching we propose to consider the theological and homiletical significance and value of these four grammatical or rhetorical categories, namely, the *indicative*; the *exclamative*, the *interrogative*, and the *imperative*.

---
[1] Banner of Truth, 2002
[2] Sien www.gpts.edu vir meer inligting oor GPTS.
[3] Al die bladsyverwysings tussen hakies, verwys na bladsynommers in die boek wat bespreek word. Die oorspronklike bronne en verwysings is daarin vermeld.

> More specifically, we propose, firstly, to define the four categories; secondly, to illustrate and exemplify them from the Scriptures; thirdly, to illustrate and exemplify the *exclamative*, the *interrogative*, and the *imperative* from the sermons of five of the most outstanding preachers in the history of the church; fourthly, to consider the significance of the *indicative-imperative structure of New Testament Christianity* in relation to a particular *genre* of preaching within the Reformed tradition, namely, *redemptive-historical preaching*.

Met dit as agtergrond, kan daar spesifiek na die hoofstuk gekyk word wat handel oor die heilshistoriese metode van prediking, hoofstuk 6, p.108-146.

*3.3 Heilshistoriese prediking*
HHP beskou die gebruik van voorbeelde (die lewe van Abraham, Dawid, Petrus, ens.) as 'n misbruik van die Skrif, volgens Klaas Schilder (1890-1952) en B. Holwerda (1909-1952), 'n 'violation of the Word'. [p.109] Schilder beklemtoon die objektiwiteit van die geskiedenis en verwerp die afgodery van EMP. HHP wil die klem laat val op 'n holistiese benadering van die Skrif [p.110]. Die heilsgeskiedenis is niks anders as die geskiedenis van Christus nie, skryf Greydanus [p.111]. Holwerda stel dit as volg:

> 'History always means development, growth, progression. History always means unity and advance simultaneously" [p.111].

Dit is juis wanneer daar op persone in die Bybel opsigself gefokus word, dat dit lei tot 'n antroposentriese fokus en nie soos dit behoort te wees, 'n Christosentriese fokus nie [p.111]. Daaruit vloei dan die gevare van atomisme ('Atomistic' refers to the isolation of certain 'atoms' within the text from the inner coherence, the central thrust of the text', aldus Greydanus [p.110]) en moralisme.

Alhoewel Carrick ook baie waardering het vir HHP, en tereg die gevaar sien van atomisme, moralisme en eksamplarisme (waar persone se lewens in die Skrif, uit sy bybelse konteks gehaal word en verkeerdelik toegepas word op vandag, los van die grammaties-historiese konteks), stel hy dit wel duidelik wat die vertrekpunt moet wees:

> Nevertheless, the central question is ultimately this: Do the Scriptures themselves ever select certain 'elements' or 'atoms' from historical passages in the OT as examples for NT believers? The answer to this question is, as we shall see, unquestionably in the affirmative. [p.110,111]

*3.4 Verskillende Skrifgedeeltes*
Carrick behandel kortliks die volgende skrifgedeeltes om sy tese te bevestig:
- 1 Kor.10:1-14
- Hebr.11:1-12:3
- Fil.3:17
- Jak.5:16-18
- Luk.17:31-33
- Joh.13:15; en
-1 Petr.2:21,23-24

Die verse leer as volg:

> 1. En hierdie dinge was *voorbeelde vir ons*, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. ... Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom *as voorbeelde* en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. – 1 Kor.10:6,11

Charles Hodge het by hierdie skrifgedeelte as volg opgemerk: 'This is a solemn warning to Christians not to give way to temptation, as the Israelites did, v.6. ... In al these points the experience of the Israelites was a warning to Christians', terwyl John Owen van mening was dat 'Old Testament examples are New Testament instructions.' [p.121,122]

> 2. Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof *spreek hy nog nadat hy dood is.* ... DAAROM dan, terwyl ons so 'n groot wolk van *getuies* rondom ons het, *laat ons* ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê ... – Heb.12:1

PE Hughes se kommentaar op Heb.11:4, oor Abel, is: 'His was certainly an example that the faltering readers of this epistle were in need of emulating.' [p.123] Carrick skryf dan self: 'The writer of Hebrews evidently did not see any dichotomy between holding up *Christ* on the one hand as the sole object of, and the supreme example for faith, and holding up *the Old Testament* saints on the other hand as supplementary examples of faith. In effect his message to the Hebrew Christians can be summarized in this way: Consider *them*! But supremely, consider *him*!'

> 3. *Wees ook my navolgers*, broeders, en let op die wat so wandel soos julle ons tot *voorbeeld* het. – Fil.3:17

Jonathan Edwards het die volgende opmerking by hierdie vers gedoen: 'And therefore we find that the Scripture does not only recommend the example of Christ, but does also exhibit some mere men, that are of like passions as ourselves, as patterns for us to follow. … In the eleventh chapter of Hebrews, a great number of eminent saints are mentioned as patterns for us to follow' [p.125]

> 4. *Neem as voorbeeld* van lyding, my broeders, en van geduld die profete wat in die Naam van die Here gespreek het. Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra. Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, en julle het die einddoel van die Here met hom gesien, dat die Here vol medelye en ontferming is. ... Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. *Elia was 'n mens net soos ons*, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit. – Jak.5: 10,11,16-18

Ph. J. Huyser verklaar as volg: 'If Scripture itself derives an example from 1 Kings 18:42ff., this is irrefutable proof that there is in fact an example in this history, otherwise it could not have been drawn from it .... The preacher not only has the right to do this, but it is his biblical duty. He neglects this duty if he fails to bring out the 'exemplary' element ... Whoever refuses to interpret and apply this history in the light cast upon it by the Spirit through James 5, violates Scripture and purposely suppresses the truth.' [p.127]

> 5. In daardie dag moet hy wat op die dak sal wees, terwyl sy huisraad in die huis is, nie afkom om dit weg te neem nie; en so ook moet hy wat op die land sal wees, nie omdraai na wat agter is nie. *Dink aan die vrou van Lot!* Elkeen wat probeer om sy lewe te red, sal dit verloor; en elkeen wat dit verloor, sal dit behou. – Luk.17:31-33

Carrick wys daarop dat Christus hier juis die vrou van Lot as 'n voorbeeld gebruik om 'n sterk imperatiewe bevel van te maak vir sy gehoor [p.128].

> 6. Want Ek het julle *'n voorbeeld* gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. – Joh.13:15

Carrick se opmerking hier is: "The fact that Christ is supremely a *Saviour* does not mean that he is not also an *Example*. In the context of his washing of the disciples' feet the Lord Jesus Christ says this to his disciples: 'For I have given you an example, that you should do as I have done to you.' (John 13:15)" [p.128,129]

> 7. Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het *en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg*; Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie; wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel; wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is. – 1 Petr.2:21-24

Carrick merk op: "Moreover, Peter, in his first epistle, emphasizes that the sufferings of Christ have not only *atoning* value but also *exemplary* value: 'For to this you were called, because Christ also suffered for us, leaving us an example, that you should follow His steps …' " [p.129]

Na die bestudering van die verskillende verse, kom hy tot dieselfde konklusie as dr. C. Trimp:

> 'The unique character of Christ's work', observes Trimp correctly, 'does not *eliminate* the exemplaristic character of his life and death, but rather *governs* it'. … the fact that believers are to look supremely to *Christ* does not mean that they are not also to learn from the example of 'so great a cloud of witnesses'. [p.129]

Ph. J. Huyser, wat een van die verdedigers was van die tradisionele exemplariese [grammaties-historiese?] benaderings tydens die oorspronklike debat in die Nederland in die eerste helfte van die 20ste eeu, skryf as volg:

> The writer . . . draws out of the historical text something which is in it according to the intent of the Spirit. If, then, the example is in the text, a good homiletical interpretation requires that one extricate it when preaching on that text. One ought to adhere to the maxim, honored by all Reformed people always and everywhere: *Scripture interprets itself*; and he ought to grant straightforwardly the plain fact that Scripture in Hebrews 11 interprets the redemptive history of the O.T. in an 'exemplary' sense.' [p.123]

*3.5 Die indikatief in heilshistoriese prediking*

Teenoor die EMP, wil *sommige* in die HHP skool die klem alleen op die indikatiewe van die Woord lê [bv. 'Maar God sy dank, ***wat ons die oorwinning gee*** deur onse Here Jesus Christus ...' 1 Kor.15:57), en nie verder gaan tot die imperatiewe van die Woord nie ['… ***Daarom***, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.' 1 Kor.15:58]. Sidney Greydanus erken die kritiek teen die HHP:

> 'The objections raised by the exemplary side to exclusive redemptive-historical preaching center on the lack of application. … the frequent charges that the exclusive use of the redemptive-historical school method leads to objective sermons, mere explication, lectures on redemptive history, sermons without tangible relevance.' [p.113]

Carrick verwys ook na die kritiek van die volgende hedendaagse teoloë op die HHP skool: Jay Adams, Hendrik Krabbendam, John R. de Witt, John Frame, C Trimp en J Douma [p.117-120]. Dit behels onder andere dat HHP:

- baiemaal die *telos* (doel) van 'n sekere skrifgedeelte mis, ten gunste van sekere groot temas in die Skrif (Adams).
- lei baiemaal daartoe dat die Skrif nie persoonlik en toepaslik gemaak word nie (de Witt).
- dit eksklusief of ten koste van ander bybelse legitieme metodes gebruik word (Douma).

Hierdie kritiek wys duidelik op die nood wat baie lidmate ervaar met die gerigtheid van die prediking vandag. Daar word slegs 'vaag' gepreek oor sekere onderwerpe, en nie toepaslik en gerig op ons tyd nie.

Frame stel dit in sy kritiek as volg:

> 'Some redemptive-historical preachers seem to have an antipathy to the very idea of application. . . I get the impression that some who stress redemptive history really want to avoid 'practical' application. They want the whole sermon to focus on Christ, not on what works the believer should do. They want it to focus on gospel, not on law. So they want the sermon to evoke praise of Christ, not to demand concrete change in people's behavior. In their mind, Christocentricity excludes any sustained focus on specific practical matters.' [p.118,119]

Carrick, daag sy HHP broeders uit om 'n antwoord te gee op verse wat hy hierbo behandel het, aangesien dit volgens hom, die geldigheid van die geestelike waarde van skriftuurlik voorbeelde vir ons vandag, deeglik begrond. Hy skryf:

> *Christocentricity* is indeed vital in the preaching of the Word of God; but *Christocentricity* must not be permitted to degenerate into *Christomonism*. The *Christocentric* does not and must not exclude the *exemplary*; the *indicatives of history* do not and must not exclude the *imperatives of ethics*. There is, interestingly, a very significant connection between the concept of *example* and the concept of the *imperative*. Certainly the vast majority of biblical examples are expressed in the indicative mood; consider, for instance, the great catalogue of examples found in Hebrews 11. But if the *letter* of biblical examples is generally that of the indicative, the *spirit* of biblical examples is always that of the imperative. There is within the positive examples of the Bible a tacit exhortation which says, in effect, 'Go and do likewise!' In other words, the concept of example in the Scriptures is intrinsically parenetic[4] and hortatory; biblical examples contain a latent or implied imperative, whether positive or negative.

---

[4] *Exhortation* = vermaning

Carrick bespreek verskillende aanhangers van die HHP, spesifiek in die VSA, onder andere Geerhardus Vos[5] en CG Dennison se standpunte, en gee ook die volgende oorsig van die HHP soos dit in die *Kerux: A Journal of Biblical-Theological Preaching*, na vore kom:

> A perusal of the expositions and reviews in *Kerux* reveals a striking emphasis upon the centrality of Christ and upon the believers union with Christ; in other words, it reveals a striking emphasis upon the *double indicative* of Christianity. It also reveals a striking lack of emphasis upon the need for repentance and sanctification; in other words, it reveals a striking lack of emphasis upon the *double imperative* of Christianity. These twin characteristics are unquestionably related. The expositions and reviews in Kerux reveal a remarkable diffidence with regard to the issue of application in general and the use of the imperative mood in particular. [p.132]

Carrick verwys ook spesifiek na die vader van die HHP skool, Klaas Schilder, en beskryf sy prediking as volg:

> It is, therefore, not at all surprising that those within the redemptive-historical school who eschew the concept of example in preaching should also eschew the concept of the imperative in preaching. It is indeed very striking that the published sermons of one of the great fathers of redemptive-historical preaching, Klaas Schilder, are characterized by an almost complete absence of the imperative mood. His sermons are characterized by the *indicative*, but at the expense of the *imperative*; they are characterized by the *descriptive*, but at the expense of the *prescriptive*; they are characterized by the *doxological*, but at the expense of the *hortatory*. His sermons exhibit a very striking lack of exhortation. Indeed, it appears to follow as by an iron law of necessity that those preachers who eschew the *exemplary* almost invariably avoid the *imperatival*, with the result that exhortation and application are suppressed or even entirely eliminated. [p.131]

Martyn Lloyd Jones skryf as volg: 'There are men who do not exhort at all. They have given their brilliant intellectual disquisition or exposition; and it is left at that. There is nothing to move anybody to tears or to action; no emotion, no feeling, no exhortation. All this is obviously wrong.' [p.107]

Wanneer 'n mens ook na die prediking van Calvyn gaan kyk, is dit duidelik dat verklaring nie vir hom genoegsaam was in die prediking nie. Hy het ook geglo aan stimuli exhortationum et reprehensionum, oftewel "the stimuli, or goads, of exhortations and reproofs" (Parker, 1992: 114).

Uit ons eie bronne het Totius reeds in sy tyd gewaarsku:

> Getroue uiteensetting van die Skrifgedagte wil nie sê dat daar geen toepassing moet wees nie. Calvyn leer ons dit reeds anders. Prof. Viguié het van hom gesê: 'Uit die mees wysgerige teks kan hy nog 'n lering put. Hy is die man van die toepassing! Sy preek is geheel en al toepassing.' So is dit. By Calvyn is daar net een tree tussen sy teks en die werklike lewe. 'n Student kan by hom die kuns afkyk om toepassings te maak (Venter, 1977: 221).

Met Carrick se bydrae as agtergrond, kan daar nou oorgegaan word tot die bestudering van 'n eie gevalle studie.

## 4. 'n Gevallestudie

Hierdie student was vir omtrent 'n dekade blootgestel aan prediking wat hoofsaaklik uit HHP gekom het. My ervaring was min of meer soos die kritici dit hierbo genoem het. Vir jare het 'n mens prediking gehoor wat nie as onortodoks of ongereformeerd beskou kon word nie, maar wel – na ek hierdie boek en onderwerp bestudeer het - as ongenoegsaam beskou kan word.

Dit was asof daar iets gekort het en die 'hele raad van God' nie voorgehou is nie (Hand.20:27). In die woorde van Adams, is hierdie soort van prediking ervaar as 'journeys through the Bible that follow the trail of a word, metaphor, theme, or concept from Genesis to Revelation … These biblical-theological trips are like a one week tour of Europe: very little time can be spent at any one location. That means that little justice is given to particular passages. The big picture is constantly held before a congregation; the emphasis is on the forest, not on the trees. Such preaching tends to by-pass the telos of these passages in favor of a few, great concerns.' [p.117]

---

[5] Sien die volgende uitstekende en hoogsaanbevole werke van G. Vos: *Biblical Theology: Old and New Testaments* (Edinburgh: Banner of Truth Trust, 1992 [1948]); *The Pauline Eschatology* (Philipsburg, NJ: P&R, 1994 [1930]); *The Eschatology of the Old Testament* (Philipsburg, NJ: P&R, 2001); *The Self-Disclosure of Jesus: The Modern Debate about the Messianic Consciousness* (Philipsburg, NJ: P&R, 2002 [1926])

My ervaring in die gemeente was ook dat daar selde deur boeke van die Bybel in sy geheel gepreek is (behalwe van die kortste boeke). Kan dit wees dat sulke soort van prediking, die predikant sou dwing om nie net heilshistories nie, maar ook meer eties-imperatief te preek, aangesien baie gedeeltes spesifiek op etiese sake konsentreer? Is daar nie dalk, wanneer gedeeltes gekies moes word vir prediking, slegs daardie gedeeltes oorweeg wat sou inpas in die HHP skema nie? Dit wil voorkom asof hierdie soort van prediking nie gerig is op eietydse probleme nie.

Gelukkig was die Heidelbergse Kategismus gereeld behandel, sodat daar ook na die 'reël van dankbaarheid' gekyk kon word, maar dan was dit ook meestal beperk tot wat Christus se koms vir die wet beteken het, sonder om dit konkreet prakties deur te trek na eie omstandighede en eietydse vrae.

Die beskrywing van dr. Hendrik Krabbendam is daarom ook spesifiek van toepassing:

> Preaching in the redemptive-historical tradition is often comparable to a ride in a Boeing 747 high above the landscape with its hot deserts, its snowpeaked mountains, its wide rivers, its dense forests, its open prairies, its craggy hills and its deep lakes. The view is panoramic, majestic, impressive, breathtaking and always comfortable. But there is one problem. The Christian is not 'above' things. He is in the middle of things. He is trekking through the landscape. As such he experiences heat, or cold, or pain, or failure. Sometimes the journey seems interminable, or monotonous, or cheerless, or impossible. At times the traveler loses his sense of direction, or his strength to continue, or his hope of success, or his will to endure. At other times, he lacks wisdom, or expertise, or resources, or support. At all times he is engaged in battle. That is why 'aesthetic contemplation' is simply not sufficient fare for the Christian on his way through life. All by itself it is a starvation diet. [p.117,118]

As lidmaat van die gemeente het 'n mens baie selfondersoek gedoen, getwyfel of mens met die regte houding kerk toe gaan, reg luister, nie bevooroordeeld is nie, ens. Dit was seker al hierdie dinge en nog meer. Maar ek dink die 'tekort' was egter ook juis wat bogenoemde aanhalings van Adams en Krabbendam probeer uitwys, nl. die toepassing (imperatiewe) van die Woord van God, op die spesifieke krisistye waarin ons vandag konkreet lewe, alles juis **op grond van** die leer (indikatiewe) van die Skrif wat vir altyd vasstaan, ongeag die tye.

In een van die kerke het daar dan ook 'n onderlinge debat onstaan oor die geldigheid van God se wet, in die besonder die burgerlike wette en strawwe, vir vandag. Dié manier van prediking, oftewel die ongebalanseerde ongenoegsame manier van prediking gee myns insiens aanleiding daartoe dat daar 'n valse of verkeerde verhouding ontstaan tussen die indikatief (die leer) en die imperatief (die lewe) van die gelowiges se christelike lewenswandel op alle terreine van lewe en denke. Daarom sê Carrick tereg: "*the indicatives of history* do not and must not exclude *the imperatives of ethics*." [p.130]

Wanneer daar dan gewys word op die noodsaak van nie net 'n regte leer nie, maar ook, *juis* o.g.v die ware leer, ook 'n regte lewe wat daaruit vloei (1 Tim.4:16), dan het dit nie noodwendig pelagianisme, arminianisme, wettisisme of moralisme tot gevolg nie, alhoewel ons as sondaars, altyd daartoe geneig kan wees om dit daartoe te dwing indien ons los van die Gees en Waarheid probeer lewe. Daarom is Carrick reg as hy skryf:

> The fact that liberal theology with its naïve Pelagianism has dangerously over-emphasized the concept of example does not mean that there is no role or place for the concept of example in Reformed preaching. [p.129]

John Frame waarsku predikers tereg oor die gerigtheid van hul prediking:

> 'When a preacher avoids concrete ethical applications in his sermons, he is not preaching the whole counsel of God, and he is not adequately edifying his people.' [p.138]

**5. Die indikatief is die oorsaak en die grondslag van die imperatief**

Die probleem is dus nie dat daar indikatiewe gepreek word nie, maar dat die indikatiewe nie oorgaan na die imperatiewe in die prediking nie. Carrick waarsku ook tereg teen 'n oorbeklemtoning van die imperatiewe, ten koste, of sonder die indikatief:

> The preacher who directs the attention of his hearers to the Bible saints *without* directing their intention to Christ is indeed guilty of moralistic preaching.[p.111,112]

Hy skryf verder: "It is evident, then, that there is a fundamental primacy and priority about the *indicative* mood in the preaching of the Word of God.[6] The indicative mood has priority over the *imperative* mood; *proclamation* has priority over *appeal*; *explicatio* has priority over *applicatio*. Nevertheless, there is also in the preaching of the Word of God a fundamental incompleteness and insufficiency about the indicative mood considered in and of itself. The *indicative* mood must be complemented and supplemented by the *imperative* mood; *proclamation* must be complemented and supplemented by *appeal*; *explicatio* [explication] must be complemented and supplemented by *applicatio* [application]. True preaching always involves *explicatio et applicatio verbi Dei* (the explication and application of the Word of God)" [p.28,29].

Coetzee (1985: 23) stel dit ook as volg: "Dit is: EERS die Indikatief, dan die Imperatief. Dit staan Skriftuurlik en Reformatories bo enige beredenering. Géén ware uitvoering van die Goddelike Imperatief is hoegenaamd moontlik – selfs nie eens denkbaar –sonder die Godgegewe Indikatief nie."

Carrick verduidelik dat daar eintlik 'n dubbele indikatief én dubbele imperatief in die predking teenwoordig moet wees:

> Indeed, the data of the New Testament demonstrate not so much a *single indicative* followed by a *single imperative* as a *double indicative* into which a *double imperative* is interwoven. Thus there is the initial indicative which emphasizes the Person and Work of Christ, and this is followed by an initial imperative which commands the sinner to repent and believe in Him. There is then the subsequent indicative which emphasizes the new status of the believer in Christ, and this is followed by a subsequent imperative which commands the believer to reckon as true subjectively that which is true objectively. Indeed, the theology of the New Testament can be summarized by the following sequence:
>
> 1. *Indicative* — 'Christ died for our sins' (1Cor.15:3).
> 2. *Imperative* — 'Repent, and believe in the gospel' (Mark.1:15).
> 3. *Indicative*— 'We... died to sin' (Rom.6:2).
> 4. *Imperative* — 'Reckon yourselves to be dead indeed to sin' (Rom.6:11).
>
> Murray's observation, in the context of definitive sanctification, concerning 'the interweaving of the indicative and the imperative is an observation applicable to the theology of the gospel as a whole. The indicatives and the imperatives of the gospel do indeed 'lie in each other'; they are interwoven and intertwined. [p.23]

Daarom haal hy ook vir dr. Edmund Clowney aan, wat volgens hom die korrekte siening van die HHP handhaaf: "Dr Clowney represents the more moderate wing of redemptive-historical preaching. His great emphasis is upon the 'christological preaching of the Old Testament'.' 'All the Old Testament Scriptures, not merely the few passages that have been recognized as messianic, point us to Christ.' Clowney recognizes, correctly, the crucial importance of the indicative in such Christocentric preaching: ' 'Paul never tires of speaking of God's work; for him the indicative of what God has done always comes before the imperative of what we are to do (e.g., Col.3:1—4)' ... he warns against any polarization of the *Christocentric* and the *ethical*: 'We do well . . . to avoid setting up a false antithesis between the redemptive-historical approach and what might be called an ethical approach to the Scriptures, particularly in the historical passages. The redemptive-historical approach necessarily yields ethical application, which is an essential part of the preaching of the Word. Whenever we are confronted with the saving work of God culminating in Christ, we are faced with ethical demands. A religious response of faith and obedience is required. ... The redemptive-historical may by no means be contrasted with the practical.'

Daar is dus geen teenstelling tussen indikatief en imperatief nie. Prediking wat gerig is op die tye waarin ons woon en lidmate aanspreek binne hul situasie, sal dus beide insluit, in regte verhouding.

**6. Reformatoriese prediking**

Histories gesien, het die gereformeerde teologie daarom, prediking nog altyd gesien as *explicatio et applicatio verbi Dei* (die verklaring én toepassing van die Woord van God) [p.112]. Sidney Greydanus, een van die bekenste voorstaanders van die HHP skool,[7] stel dit as volg:

---

[6] Dr Richard B. Gaffin stel dit as volg: 'The indicative has the priority; the indicative is foundational. It grounds the imperative – not the imperative somehow grounding the indicative … Paul never writes in the imperative without first of all, either explicitly or implicitly, writing in the indicative.' [p.28]

[7] Sien die volgende werke van S. Greydanus, aangaande HHP: *Sola Scriptura: Problems and Principles in Preaching Historical Texts* (Toronto: Wedge Publishing, 1970); *The Modern Preacher and the Ancient Text: Interpreting and Preaching*

> From the 17th century on, Reformed theologians had defined the sermon as *explicatio et applicatio verbi Dei*. [p.29]

Die HHP skool, het egter soos dit ontstaan en verder ontwikkel het in die 20ste eeu, 'n 'verklaring-toepassing' dualisme gesien in die EMP skool, en dit verwerp. Dr. C Trimp stel dit egter duidelik dat beide Luther en Calvyn gebruik gemaak het van die *exempla* (voorbeelde) in hul prediking:

> "Calvin did indeed preach 'exemplaristically', terwyl Douma ook opmerk dat 'Without hesitation our fathers held up the virtues of the biblical persons as an example to all, but also their sins and weaknesses as a warning.' [p.119]

Die Puriteine, in aansluiting by die reformatore, het ook ryklik gebruik gemaak van die *exampla* met die doel om die leer te verduidelik [p.119].

Ten einde is Carrick se pleitdooi vir: 'expository preaching and we believe passionately that such preaching should both be governed by and should reflect the indicative-imperative structure of New Testament Christianity. … The analogy of Scripture should be reflected not merely in our hermeneutics, but also our homiletics. … If the indicative is permitted to predominate to the exclusion of the imperative, the preaching will inevitably tend in the direction of quietism or antinomianism. If the imperative is permitted to predominate to the exclusion of the indicative, the preaching will inevitably tend in the direction of moralism or legalism. It is vital to the health of preaching and it is vital to the health of the church that this delicate relationship between the indicative and the imperative be implemented and maintained. That this is no light task for the preacher, we most readily admit; that this is an essential task for the preacher, we most emphatically insist. It is part of the great calling of the preacher that in this vital matter he learn to 'negotiate the razor's edge'. ... It is absolutely essential that the great indicatives of Christ's accomplishment of redemption be balanced by the great imperatives of the Spirit's application of redemption.' [p.143,144,145,151]

Met Carrick se bydrae as agtergrond, word nou 'n eie mening gegee oor die onderwerp.

## 7. 'n Eie mening

Met die HHP skool is hierdie student dit eens dat die eer en glorie van Christus beskerm moet word teen 'n onbybelse vorm van eksemplarisme, asook teen moralisme, wettisisme, ens. Daar is vandag in veral Brittanje en Amerika, 'n herlewing van 'n bedekte verbondsarminianisme onder kerke van gereformeerde belydenis, deurdat hul 'n verlossing deur geloof én werke voorstel. In hierdie skool van denke word die imperatief gesien as die weg van saligheid of verlossing, aangesien die mens se rol in die verlossing bepalend raak.[8] In die naam van God se Indikatiewe, moet hier arminiaanse imperatiewe verwerp word, soos die Sinode van Dordt dit reeds in 1618/19 gedoen het.

Dit gaan nie help ons wil die prediking meer gerig maak deur onbybels te raak nie. Nee, gerigtheid moet wees volgens die Woord en Gees, en nie bepaal deur die tyd of mens nie.

Verder is daar ook groot waardering vir die eenheid wat die HHP skool sien, t.o.v. die heilsgeskiedenis en heilsplan van God regdeur die Skrif, Ou en Nuwe Testament. Tereg moet die prediking nie antroposentries wees nie. 'n Mens moet egter ook versigtig wees om die Skrif slegs Christosentries te verklaar, behalwe as met Christosentries, soos Greydanus (1999:177) dit sien, 'n Godsentriese beskouing bedoel word: 'the New Testament principle (is) that Christ-centered sermons ought to be God-centered.'[9]

Die verdere belangrikheid en noodsaak van die HHP kan veral gesien word in die hedendaagse debat waar die Messias in die Ou Testament opnuut bevraagteken word. HHP handhaaf juis tereg die eenheid van die Skrif, en dat Christus daarin sentraal staan, teenoor hulle wat die eenheid probeer ontken, soos Carrick skryf:

> It is precicely because of this vision of the unity, the advance, and the eschatological drive of redemptive history that the redemptive historical preacher seeks constantly to draw lines of progression from any given text in the Old Testament to the Incarnate Christ. [p.111]

Dit is duidelik wat die Skrif leer:

---

*Biblical Literature* (Grand Rapids, MI: Eerdmans, 1996 [1988]); *Preaching Christ from the Old Testament: A Contemporary Hermeneutical Method* (Grand Rapids, MI: Eerdmans, 1999)

8 Sien die artikels van prof. David Engelsma in die tydskrif "The Standard Bearer", vol.80, nr.14 en verder, onder die titel "Covenant Universalism", wat hierdie dwalinge duidelik uitwys en weerlê. Verkrygbaar by www.prca.org

9 Ibid., 1999, p.177

> En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê *in al die Skrifte* die dinge wat op Hom betrekking het. – Luk.24:27
>
> Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, *want hy het van My geskrywe*.
> – Joh.5:46
>
> ... maar God het op dié manier vervul *wat Hy tevore verkondig het* deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly. – Hand.3:18
>
> En nou staan ek tereg oor *die hoop op die belofte* wat aan die vaders deur God gedoen is, ... Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, *en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie*: dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en 'n lig aan die volk en die heidene sou verkondig. – Hand.26:6,22,23

Die Heidelbergse Kategismus bely dan ook die noodsaak van 'n heilshistoriese verstaan en prediking van die Skrif:

> <u>Vraag 18</u>: Wie is hierdie middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is ?
>
> <u>Antwoord</u>: Ons Here Jesus Christus, wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het.
>
> <u>Vraag 19</u>: Waaruit weet jy dit ?
> <u>Antwoord</u>: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en die profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld. Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.

Soos hierbo aangewys, is die soteriologiese aspek van die HHP nie die probleem nie, en kan en moet alle gelowiges eens wees in hierdie aspek van HHP. Die probleem is, soos Carrick dit stel, met dit wat daaruit behoort te volg, nl.:

> The *inseparability* within the relationship between the indicative and the imperative moods. 'Christianity begins with a truimphant indicative', but it does not end there. The indicative always moves in to the imperative; the indicative and the imperative are inseparable in the theology of the New Testament. [p.28]

Soos hierbo aangewys, eis die Skrif ook eties-imperatiewe prediking, wat uit die indikatiewe van die Skrif moet volg. Hierdie eties-imperatiewe prediking wat vloei uit die indikatiewe is noodsaaklik vir die gerigtheid van die prediking in die 21ste eeu.

Christus is daarin vir ons 'n voorbeeld (Luk.13:1-5):

> *Indikatief/interogatief*:
> 'EN in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondaars was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gely het?'
>
> *Imperatief:*
> 'Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.'
>
> *Indikatief*
> 'Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het - dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon?'
>
> *Imperatief*
> 'Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.'

Die Skrif roep ons op, om op grond van die volmaakte werke van Christus, wat alles volbring het, ook ons heiligmaking (Joh.19:30; I Kor.1:30,31), die heiligmaking na te jaag:

> Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, *werk julle eie heil uit met vrees en bewing*; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. – Fil.2:12,13

> Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en *laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring*. – 2 Kor.7:1

> Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel *heilig word*, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.
> – 1 Petr.1:15,16

Dit wil dus voorkom, dat daar by sommige in die HHP skool, 'n geneigdheid is om die indikatief en die imperatief te skei van mekaar. Konkreet beteken dit dat die indikatiewe van die Skrif (die geskiedenis), nie oorgaan tot die imperatiewe van die Skrif (die etiek) nie. Dit is een ding om te wys op die sentraliteit van Christus,[10] maar iets anders as die 'heilshistoriese konteks' van die Skrif gebruik word om die etiese implikasies van die Skrif op te hef of te vervang, ***waar die Skrif dit nie self doen nie*** (sien NGB artikel 25), sodat dit in 'n opsetlike of latente vorm van antinomianisme eindig. Paulus skryd daarom tereg:

> Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.
> – Rom.3:31

John Frame, waarsku tereg: 'I get the impression that some who stress redemptive history really want to avoid 'practical' application. They want the whole sermon to focus on Christ, not on what works the believer should do. *They want it to focus on gospel, not on law*.[11] So they want the sermon to evoke praise of Christ, not to demand concrete change in people's behavior. In their mind, Christocentricity excludes any sustained focus on specific practical matters.' [p.118,119]

Daarteenoor bely ons ook, in navolging en o.g.v. die belydenis van vr. en antw.19 van die Heidelbergse Kategismus, ook:

| | |
|---|---|
| <u>Vraag 86</u>: | Waarom *moet ons nog goeie werke doen*, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is ? |
| <u>Antwoord</u>: | Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen. |
| <u>Vraag 91</u>: | Wat is goeie werke ? |
| <u>Antwoord</u>: | Slegs die wat uit 'n ware geloof, *volgens die wet van God* tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie. |
| <u>Vraag 96</u>: | Wat eis God in die tweede gebod ? |
| <u>Antwoord</u>: | Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer ***as wat Hy in sy Woord <u>beveel</u>*** het nie. |

By Sondag 31, waar dit gaan oor die kerklike tug, kry 'n mens ook die duidelike verhouding tussen die prediking van die indikatief en imperatief:

---

[10] "Puritan preaching revolved around 'Christ, and him crucified' – for this is the hub of the Bible. The preachers' commission is to declare the whole council of God; but the cross is the centre of that councel, and the Puritans knew the traveller through the Bible landscape misses his way as soon as he loses sight of the hill called Calvary." JI Packer, soos aangehaal in Arturo G. Azurdia III, *Spirit Empowered Preaching: Involving the Holy Spirit in Your Ministry* (Ross-shire: Mentor, 1998), p.73

[11] Kursivering bygevoeg. John Murray skryf: 'Without the sanctity of God's law, the gospel of grace is meaningless'. J. Gresham Machen skryf: A new and more powerful proclamation of that law is perhaps the most pressing need of the hour; men would have little difficulty with the gospel if they had only learned the lesson of the law … So it is always: a low view of law always brings legalism in religion; a high view of law makes a man a seeker after grace. Pray God that the high view may again prevail.'

<u>Vraag 84</u>: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit ?
<u>Antwoord</u>: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie. Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

Vraag 84 vra 'hoe' moet die evangelie verkondig word sodat die koninkryk oop en toe gesluit kan word, en dan is die antwoord:

a. Die oopsluit:

<u>Indikatief</u>: ... dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is ...

<u>Imperatief</u>: ... so dikwels as wat hulle die belofte van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem ...

b. Die toesluit:

<u>Indikatief</u>: ... dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus ...

<u>Imperatief</u>: ... solank hulle hulle nie bekeer nie ...

Die hele derde deel van die Kategismus is 'n oproep om - op grond van die 'indikatiewe' van die eerste twee dele – die imperatiewe van die Koninkryk te gehoorsaam, soos dit in die dankbaarheidslewe tot uiting kom in die wet en gebed.

Velema (Van Genderen & Velema, 1993: 597) stel dit daarom tereg: 'dat Jezus de wet handhaaf door haar te vervullen ... *Geen evangelie sonder wet, maar ook geen wet zonder evangelie !*', soos dit vir ons geleer word in Matt.5:17-20. Dit leer Christus ons ook, as Hy na die groot indaktief van die Groot Opdrag: 'Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde,' die drie bevele (imperatiewe) gee:

a. *<u>Gaan</u>* dan heen, maak dissipels van al die nasies,
b. en *<u>doop</u>* hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en
c. *<u>leer</u>* hulle om alles te onderhou wat Ek julle ***<u>beveel</u>*** het.

Daar is dus geen teenstelling tussen indikatief en imperatief nie. Albei moet gehandhaaf en gepreek word, in die regte verhouding soos die Skrif dit self openbaar. As ons nie die imperatiewe vanuit die indikatiewe preek nie, dan sal ons nie ons gemeentes bereik nie. Dan verkondig ons nie die volle raad van God nie.

## 8. Slot

In lyn met die Groot Opdrag hierbo, moet predikers o.g.v. 'n grammaties-openbaringshistoriese verstaan en verklaring van die Skrif:
- histories-indikatief én eties-imperatief;
- heilshistories én eksemplaries,
- die wet én evangelie,

preek vir mense om alles te glo en te onderhou wat God deur Christus ons beveel het. Daar sal opnuut deur die predikers en kerke gekyk moet word om beide die indikatiewe en die imperatiewe van Sy Koninkryk aan die gemeente te bring, tot verheerliking van Sy Naam, tot opbou van Sy Kerk, en tot uitbreiding van Sy Koninkryk.

Wanneer 'n prediker opnuut die onlosmaaklike band tussen die indikatiewe en imperatiewe van die Skrif besef, sal sy prediking ook baie meer gerig wees op die tye en vraagstukke waarbinne die gemeente haar bevind. Lidmate en gemeentes soek antwoorde vanuit die Skrif vir vraagstukke vandag.
Mag predikers deur volhardende studie en gebed opnuut ware bybelse verklarende prediking herontdek (Hand.20:27), soos ons gereformeerde vaders dit ook voorgehou het, nl. dat prediking is:

***Explicatio et Applicatio verbi Dei!***

**Bronnelys**

AZURDIA, A.G. 1998. Spirit Empowered Preaching: Involving the Holy Spirit in Your Ministry. Ross-shire: Mentor.

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

CARRICK, J. 2002. The Imperative of Preaching: A Theology of Sacred Rhetoric. Edinburgh: Banner of Truth.

DIJK, K. 1952. Het Gericht Gods in de Prediking des Woords. Delft: Van Keulen.

GREYDANUS, S. 1999. Preaching Christ from the Old Testament: A Contemporary Hermeneutical Method. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

JOHNSTON, G. 2001. Preaching to a Postmodern World. A guide to reaching twenty-first-century listeners. Leicester: IVP.

*Logos Information Systems*. NG Kerk Uitgewers: *Belydenisskrifte*, Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.

PARKER, T.H.L. 1992. Calvin's Preaching. Edinburgh: T&T Clark.

STRYDOM, M.C. 1989. Eksemplaries … Heilshistories – Voortsetting van 'n Onvoltooide Gesprek. Bloemfontein: VCHO.

TRIMP, C. 1996. Preaching and History of Salvation: Continuing and Unfinished Discussion. Scarsdale, NY: Westminster Discount Book Service.

VAN DER WALT, J.J. (red.). 1985. "God aan die Woord". Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN GENDEREN, J & VELEMA, W.H. 1993. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen: Kok.

VENTER, H. 1977. Totius Versamelde Werke, deel 3: Die erediens. Kaapstad: Tafelberg.

VOS, G. 1992. Biblical Theology: Old and New Testaments. Edinburgh: Banner of Truth.